

Jean Lee Farmer*

In Suid-Afrika het die aantal swart vroue wat voorgraadse grade verwerf het meer as enige ander bevolkingsgroep [toegeneem](#). Tog bly hulle [onderverteenvoerdig](#) in senior akademiese- en bestuursposisies in die land se hoëronderrysinstellings.

Histories gesien, het swart Suid-Afrikaanse leerlinge [aparte skoolopleiding en minder befondsing](#) vir onderrys van die apartheidsregering ontvang as wit leerlinge. Gemengde ras-, Indiër- en Asiatiese leerders het effens meer as swart leerders ontvang. Afsonderlike hoëronderrysinstellings is ook vir die verskillende rassegroepe gestig. Baie min swart studente kon aansoek doen vir spesiale toestemming om historiese wit instellings by te woon, en slegs vir spesifieke beroepe.

Swart vroue is ook histories en kultureel gemarginaliseer in hul gesinne en die samelewing. Ten spyte van wetgewing om transformasie te ondersteun, bly swart vroue die mees gemarginaliseerdes.

Onder apartheid het wit vroue dieselfde finansiële, opvoedkundige en kulturele bevoordeling as wit mans ontvang. Beleide en programme wat aanvanklik daarop gemik was om die wanbalans te herstel, het 'n groot skuiwergat vir diensbillikheid gelaat. Dit [plaas](#) wit vroue op gelyke voet met swart vroue en mans as “voorheen benadeelde” en dus met gelyke aanspraak op werksgeleenthede.

Terwyl die verantwoordelikheid om die kwessies reg te stel nie net aan die voete van hoëronderrysinstellings gelê behoort te word nie, behoort die onus nie op swart vroue te rus om die problematiese praktyke reg te stel nie.

Vir my [PhD in hoër onderrys](#) het ek 'n in-diepte ondersoek gedoen na die vertellings van ses swart vroue-akademiese by vier Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings. Vir die ondersoek om so onpartydig moontlik te wees, was dit belangrik om te kyk na die rol van die instansies sowel as die individu en watter moontlike instaatstellers en beperkings in hierdie wisselwerking geïdentifiseer kon word. Die doel was om te vas te stel wat moontlik die lae opname van swart vroue in senior poste in Suid-Afrika se hoëronderrysinstellings beïnvloed het.

Dit was belangrik om die geskiedenis van die instellings te ondersoek asook om hul post-apartheid transformasiebeleide vas te stel. Die gevoel van identiteit, familie- en opvoedkundige verbintenisse wat die vroue tydens hul opvoedkundige reise ontwikkel het, was 'n belangrike faktor. Swart vroue word dikwels as 'n homogene groep gesien, maar die akademiese in my studie was so uiteenlopend in persoonlikheid, kulturele en politieke agtergronde en aspirasies soos enige ander groep.

Ten slotte ...

Instellings moet deurlopende ondersoeke doen en oop gesprekke voer oor maniere om meer swart vroue na die akademie te lok. Institusionele bestuur is dit aan die samelewing verskuldig om vas te stel of hul eie kultuur swart vroue uitsluit en hulle soos kwaksalwers laat voel.

Klik [hier](#) om die res van die geplaasde artikel te lees.

***Dr Jean Lee Farmer is 'n adviseur by die Sentrum vir Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch.**